SURF
STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND
STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

Kliëntedienssentrum 021 808 2753 sun-e-hr@sun.ac.za
www.surf.sun.ac.za

# NUUSBRIEF

Februarie 2024

## INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Aktuariële waardasie: 1 Januarie 2023
3. Beleggingstrategie – terugblik op die jaar wat verby is
4. Prestasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes
5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld – die jongste oor die "tweepot-stelsel"
6. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
7. Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak
8. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2024
9. Administrasiebydrae vir 2024
10. Fondsadministrasie – skuif van Sanlam na Alexforbes
11. Bestuur van die Fonds
12. Finansiële advies
13. Diensverskaffers van die Fonds
14. Belangrike kontakbesonderhede

## 1. Voorsittersverslag

'n Nuwe jaar bring nuwe dinge en geleenthede, maar dit is ook 'n tyd om terug te kyk. In moeilike tye en in die huidige geopolitieke omgewing is dit belangrik om nie die strategieë en riglyne wat in plek is om ons doelwitte te bereik, uit die oog te verloor nie. Die Raad van die Fonds en sy Beleggingskomitee neem beleggingsbesluite met inagneming van alle relevante faktore, teen die agtergrond van wat in die plaaslike en internasionale markte gebeur, en beskik oor prosesse om moeilike tye te trotseer met die doel om die beste moontlike resultate oor die lang termyn te behaal. Dit is verblydend om te kan rapporteer dat al die beleggingsportefeuljes inflasie oor alle metingstydperke ver oortref het.

Die Fonds streef om lede op sinvolle wyse te help om vir hul aftrede voorsiening te maak. Hierdie strewe berus op weldeurdagte kernbeleggingsienings wat deur die Raad van die Fonds aanvaar is. Die beleggingsbenadering berus op hierdie beleggingsienings, wat ook die batetoewysing en risikovlak van die onderskeie beleggingsportefeuljes bepaal.

Stellenbosch Universiteit en SURF toets elke jaar die versekeringsmark om die mededingendste versekeringspremies vir lede se bestaande risikovoordele te verkry. Hierdie voordele is aan die einde van verlede jaar hersien en die Fonds kon daarin slaag om onveranderde versekeringspremies en selfs 'n verlaging van sekere premies te beding. Meer buigsaamheid is by voordele gevoeg om ons lede te help. Hierdie veranderings het op 1 Januarie 2024 in werking getree en word in afdeling 8 toegelig.

Die Fonds se aktuaris het gedurende die jaar die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2023 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk in 'n gesonde finansiële posisie verkeer het.

Prof. Niel Krige
**Voorsitter**



## 2. Aktuariële waardasie: 1 Januarie 2023

Die resultate van die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2023, wat deur die Fonds se aktuaris gedoen is, het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk in 'n gesonde finansiële posisie verkeer het. Die Fonds se bates was toereikend om lede se fondswaardes asook die verskillende reserwes teen 'n befondsingsvlak van 100% te dek. Die aktuaris het bevestig dat die Fonds se beleggingstrategie toepaslik bly ten opsigte van die Fonds se lidmaatskapstruktuur en die verwagte termyn van die Fonds se verpligtinge. Die aktuariële waardasie is deur die Raad van die Fonds goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

## 3. Beleggingstrategie – terugblik op die jaar wat verby is

In sy boek "Thinking, Fast and Slow" skryf Daniel Kahneman, 'n Nobelpryswenner vir ekonomie: "The idea that the future is unpredictable is undermined every day by the ease with which the past is explained." Met die voordeel van nakennis is dit natuurlik redelik maklik om te verduidelik wat in markte gebeur het, en groot taalmodelle soos ChatGPT sal dit eersdaags beter kan doen as feitlik die hele mensdom.

Die absurditeit van voorspellings oor hoe beleggingsopbrengste oor die volgende paar jaar (en selfs nog langer tydperke) kan lyk, is om terug te gaan na die voorspellings van sogenaamde "markkenners" aan die begin van 2023. Op daardie tydstip het internasionale aandele- en effektemarkte van die slegste opbrengste in dekades aangeteken. Vir die kalenderjaar 2022 was internasionale aandele- en effektemarkte onderskeidelik 18.3% en 17.2% laer in Amerikaanse dollar. Die redes wat vir hierdie swak opbrengste aangevoer is, het gefokus op beleggers se kommer oor hoë inflasie, vrese vir 'n wêreldwye resessie en die negatiewe impak van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne. Daar was inderdaad heelwat rede tot swaarmoedigheid (en daar sal altyd wees), en die meeste kenners het beleggers "gewaarsku" dat 2023 ook 'n moeilike jaar gaan wees.

As 'n mens egter na die werklike opbrengste kyk wat in 2023 behaal is, was dit van die bestes in dekades. Internasionale aandele- en effektemarkte was onderskeidelik 22.2% en 4.0% hoër in Amerikaanse dollar. Hierdie opbrengste is behaal ondanks die uitbreek van 'n groot konflik tussen Israel en Hamas in die Midde-Ooste, en voortslepende kommer by beleggers dat inflasie nie so maklik gaan daal as wat verwag is nie. Die "groot" fout wat die meeste kenners begaan het, was om die veerkragtigheid van die Amerikaanse verbruiker heeltemal te onderskat. Die Amerikaanse ekonomie kon daarin slaag om die skerp verhoging in rentekoerse met die doel om inflasie te tem, te trotseer sonder om in 'n resessie te beland.

Die ander "groot" onderwerp wat deur feitlik al die kenners misgekyk is, is die vrystelling van groot taalmodelle (soos ChatGPT), wat kunsmatige intelligensie verhef het tot 'n sogenaamde "general-purpose technology" – dit is 'n tegnologie wat 'n hele ekonomie kan beïnvloed. Met inagneming van hoe moeilik dit vir kenners was om opbrengste in 2023 te voorspel, moet voorspellings vir 2024 maar met 'n knippie sout geneem word.

Waar laat dit jou as 'n belegger in SURF? Soos ons gesien het, is dit besonder moeilik om toekomstige opbrengste deurentyd reg te voorspel. As jy die markte probeer voorspel, is die kanse goed dat jy te veel klem sal plaas op die waarde van onlangse beleggingsopbrengste. Dit is noodsaaklik om op jou beleggingshorison te fokus en jouself af te vra hoe stresvol dit vir jou sal wees as beleggingsopbrengste oor die kort termyn negatief is. Dan sal jy 'n beleggingstrategie kan opstel wat jou beleggingshorison pas. Dit sal waarskynlik ook meer suksesvol wees as om jou strategie heeltyd te verander. SURF se beleggingsportefeuljes word deur die Raad saamgestel met behoorlike oorweging van die spaartermyn en beleggingsbehoeftes van lede.


## 4. Prestasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes

Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) oor metingstydperke tot 31 Desember 2023 word in die volgende afdelings toegelig. Meer inligting is beskikbaar in die portefeuljes se feiteblaaie, wat op die Fonds se webwerf (www.surf.sun.ac.za) gelees kan word.

### Groeiportefeulje


Die primêre beleggingsdoelwit van die Groeiportefeulje is om opbrengste te behaal wat oor 'n metingstydperk van vyf jaar minstens in die top kwartiel van opbrengste met betrekking tot die "Internasionale Gebalanseerde" portuurgroep is, soos verteenwoordig deur die internasionale gebalanseerde fondsbestuurders in Suid-Afrika. Die sekondêre doelwit van die Groeiportefeulje is om 'n reële opbrengs van 5% p.j. (na aftrekking van alle koste) oor deurlopende vyfjaar-metingstydperke te behaal. Die portefeulje sal dus normaalweg 'n blootstelling van 70% tot 85% aan die aandelemark hê, wat beteken dat die prestasie van die portefeulje onbestendig sal wees. Dit sluit die Raad se besluit in om die maksimum toelaatbare blootstelling van 45% aan die buiteland te hê en 5% in ongenoteerde Suid-Afrikaanse infrastruktuur te belê. Dit gee lede blootstelling aan meer beleggingsidees en 'n internasionale portefeulje is ook veerkragtiger as 'n plaaslike portefeulje.

Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langertermyn-opbrengste behoort te fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar 'n jaarlikse opbrengs van 3.8% bo inflasie gelewer, en oor die afgelope vyf jaar 'n jaarlikse opbrengs van 6.1% bo inflasie. Dit is 'n uitstekende uitkoms en goeie beloning vir die risiko wat aanvaar is.





## Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 6% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 24-maandetydperk te vermy. Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om effens meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje. Die portefeulje het 'n prestasiegeskiedenis van 6 jaar en 11 maande en soos die grafiek hieronder illustreer, het dit te midde van moeilike marktoestande uitstekend gevaar.




## Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje


Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 3% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om 'n kapitaalverlies oor enige 12-maandetydperk te vermy. Hierdie portefeulje handhaaf 'n blootstelling van 35% tot 45% aan die aandelemark en is geskik vir lede met 'n korter tydhorison en 'n laer aptyt vir risiko en wisselvalligheid van opbrengste. Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke sterk presteer.




Die slim leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Dit is omdat die portefeulje geskik is vir lede met 'n korter beleggingshorison, soos hierbo genoem.

## Shari'ah-portefeulje

Die portefeulje het 'n blootstelling van 60% tot 70% aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.




## Kapitaalbeskermingsportefeulje

Die beleggingsdoelwit van die Kapitaalbeskermingsportefeulje is om 'n reële opbrengs van 1.5% p.j. (na aftrekking van fooie) oor enige 12-maandetydperk te behaal. Die bereiking van hierdie doelwit is sterk gekoppel aan die navolging van 'n reële rentekoers-regime deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die portefeulje streef ook om die STeFI Saamgestelde Indeks met 0.75% p.j. (na aftrekking van fooie) te oortref.

Die portefeulje het 'n toewysing van 85% aan 'n geldmarkfonds, en redelik onlangs is 15% aan 'n inflasiegekoppelde inkomstefonds toegewys.

Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke 'n reële opbrengs behaal, en oor die afgelope jaar baie goed gevaar, met 'n reële opbrengs van 4.5%.




## 5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld – die jongste oor die "tweepot-stelsel"

Dit is belangrik om kennis te neem dat die voorgenome inwerkingtredingsdatum van die tweepot-stelsel van 1 Maart 2024 tot 1 September 2024 uitgestel is. Die Minister van Finansies het grondige redes hiervoor aangevoer. Een rede is dat die SA Inkomstediens ná uitvaardiging van die wetgewing minstens ses maande nodig het om 'n belastingaanwysing-stelsel in plek te kry. Tweedens het fondsadministrateurs ook genoeg tyd nodig om hul stelsels gereed te kry vir die hantering van die volumes onttrekkings wat verwag word.

Met die veranderings in die voorgestelde wetgewing, het ons gedink dit sal help om aan lede net weer 'n kort oorsig te gee van hoe die tweepot-stelsel sal lyk. Veranderings word in rooi aangedui in die tabel hieronder.

### Gereelde vrae

| | Gevestigde pot | Spaarpot | Aftreepot |
|---|---|---|---|
| **Hoeveel van my bestaande aftreegeld sal na elke pot gaan wanneer die nuwe stelsel in werking tree?** | Die waarde van 'n lid se voordeel soos op 31 Augustus 2024 sal na die gevestigde pot gaan (minus die bedrag wat as 'n beginsaldo aan die spaarpot toegewys word). | Die spaarpot sal 10% van die waarde van 'n lid se voordeel hê (tot 'n maksimum van R30 000) om mee te begin. | Daar sal nie geld in die aftreepot wees om mee te begin nie. |
| **Na watter pot gaan my aftreefondsbydraes?** | Geen bydraes sal ná 1 September 2024 na hierdie pot gaan nie, behalwe in die geval van voorsorgfondslede wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was. | 1/3 van bydraes ná 1 September 2024 sal na die spaarpot gaan. | 2/3 van bydraes ná 1 September 2024 sal na die aftreepot gaan. |
| **Wat kan ek onttrek voordat ek diens verlaat?** | Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan terwyl jy in diens is nie. | Onttrekkings word toegelaat, met 'n minimum onttrekkingsbedrag van R2 000 per jaar (onderhewig aan die waarde in hierdie pot). | Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie. |
| **Wat kan ek onttrek wanneer ek voor aftrede diens verlaat?** | Jy kan die volle saldo onttrek. | Jy kan die volle saldo onttrek. Een onttrekking word per belastingjaar toegelaat, behalwe as die bedrag in die spaarpot minder as R2 000 is. | Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie. |

| | Gevestigde pot | Spaarpot | Aftreepot |
|---|---|---|---|
| **Wat kan ek onttrek (in kontant ontvang) wanneer ek uit diens aftree?** | As 'n voorsorgfondslid word jy toegelaat om die volle saldo soos op 1 Maart 2021, plus groei daarop, in kontant te neem by aftrede. Die saldo wat ná 1 Maart opgeloop het, plus die geld in die aftreepot, moet gebruik word om 'n inkomste gedurende aftrede te verskaf. Onthou om advies in te win oor die belastingimplikasies en annuïtiseringsopsies wat deur die Fonds aangebied word. | Jy kan die volle saldo onttrek. | Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie – die bedrag moet gebruik word om deur middel van 'n annuïteitproduk 'n inkomste gedurende aftrede te verskaf. |
| **Belasting** | Dit sal volgens die huidige belastingbedeling belas word (belastingtabelle vir onttrekkings of enkelbedrae by aftrede sal geld). | Enige onttrekkings uit hierdie pot voor aftrede sal volgens die belastingtabelle vir individue (LBS) belas word. | Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie. Belasting sal bereken word op die annuïteitinkomste wat aan die afgetredene betaal word. |

Dit is belangrik om daarop te let dat jy, afgesien van die aanvangsbedrag (10% van jou voordeelwaarde tot 'n maksimum van R30 000), vanaf 1 September 2024 nie toegang tot die saldo in jou gevestigde pot sal hê nie. Dit sal tyd verg om 'n saldo in jou spaarpot op te bou met die 1/3 van jou maandelikse bydraes ná 1 September 2024. 'n Onttrekking kan eers aangegaan word wanneer daar meer as R2 000 in die spaarpot is, en ook net een keer per jaar.

### Belangrike notas vir lede:

- **Onttrekkings uit die spaarpot voor aftrede sal volgens die belastingtabelle vir individue (LBS) belas word.**
- **Die administrasiekoste verbonde aan onttrekkings uit die spaarpot sal afgetrek word van die voordeel wat betaal word.**
- **Onttrekkings uit jou spaarpot sal beteken dat jy minder vir aftrede spaar.**

As gevolg van die impak van belasting en administrasiekoste, word lede dus aangemoedig om nie in die toekoms onttrekkings uit die spaarpot aan te gaan nie, tensy dit uiters nodig is. Raadpleeg asseblief jou finansiële adviseur voordat jy onttrekkings uit jou spaarpot aangaan.

## 6. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

SURF stuur elke jaar beide voordeel- en projeksiestate elektronies aan lede via InfoSlips. Lede kan toegang tot hul state kry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word deur 'n wagwoord beskerm om die veiligheid van jou inligting te verseker. Harde kopieë van state sal nog steeds verskaf word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal kan word wanneer die pensioen gekoop word. Let asseblief daarop dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede ongeveer 75% van hul indiensnemingskoste beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (Retirement Calculator) op Sanlam se aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web) gebruik word.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2023 ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojeksies maak.

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2023 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2023, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele.

Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Jy sal op InfoSlips Viewer na jou vorige voordeel- en projeksiestate kan kyk. Om dit te kan doen, moet jy op InfoSlips Viewer registreer.

### Hier is 'n paar eenvoudige stappe om toegang tot jou state te verkry:

- Gaan na https://viewer.infoslipscloud.com en klik op "Register" onderaan die bladsy.
- Jou gebruikernaam is jou e-posadres. Tik 'n wagwoord in wat jy sal onthou. Die wagwoord moet 'n hoofletter, syfer en akroniem bevat.
- Klik op "Register".
- Kies Suid-Afrika as 'n land.
- Kies jou e-posadres en "Sign up".
- InfoSlips sal vir jou 'n SMS as bevestiging stuur, sodat die gebruiker die registrasieproses kan voltooi.
- Klik op die skakel in die SMS vir die gebruiker om 'n aanmeldprofiel te skep, en kies dan "Update" om die registrasieproses te voltooi.
- By voltooiing kan die gebruiker aanmeld deur die profiel te gebruik wat geskep is, en na alle vorige state kyk.

## 7. Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak

Jou vervangingsverhouding bepaal of jy met gemak sal kan aftree. Volgens die kenners moet jy 'n vervangingsverhouding van 80% hê, wat beteken dat jou aftree-inkomste minstens 80% van jou pensioengewende salaris net voor aftrede moet wees.

Om 'n vervangingsverhouding van 80% te kry, moet jy gemiddeld 17% van jou pensioengewende salaris oor 'n tydperk van 40 jaar tot jou aftreespaarfonds bydra. As jy dus jou bydrae voorheen verlaag het en minder as 15% van jou pensioengewende salaris bydra, sal dit 'n negatiewe uitwerking op jou vervangingsverhouding hê, omdat jy minder spaar as wat nodig is om 'n gerieflike aftrede te verseker.

Onthou dat die Fondsreëls jou toelaat om jou bydrae tot die Fonds te verhoog, wat dan jou vervangingsverhouding sal verbeter.

## 8. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2024

### Nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsdekking

Jou nie-goedgekeurde sterftedekking het van Sanlam Groeprisiko oorgegaan na Old Mutual, met laer premietariewe vir beide aktiewe lede en pensioenarisse. Nog 'n verandering is dat jy nou die keuse het om jou sterftedekking-veelvoud van vyf keer jou jaarlikse pensioengewende salaris na drie keer of een keer jou jaarlikse pensioengewende salaris te verander. Die addisionele opsie van een keer jou jaarlikse salaris gee jou meer buigsaamheid. Aan die begin van elke jaar is jou veelvoud outomaties weer vyf keer jou jaarlikse pensioengewende salaris, met die opsie om jou veelvoud na drie keer of een keer te verander. Jy kan hierdie opsie tussen 1 Januarie en 31 Maart elke jaar uitoefen. Verder kan jy kies om jou sterftedekking-veelvoud te verhoog of te verlaag wanneer sekere lewensveranderende gebeurtenisse plaasvind, soos 'n huwelik, die geboorte of aanneming van 'n kind, dood of egskeiding.

Klik asseblief hier om die inligtingsdokument rakende die skuif van die versekeringspolis na Old Mutual te besigtig.

### Gadevoordeel

Jou gadevoordeel bly by Old Mutual, wat die huidige premietarief verlaag het en die mededingendste tarief aangebied het van al die versekeraars wat gekwoteer het.

### Begrafnisvoordeel – gesin en uitgebreide familie

Jou begrafnisvoordeel bly ook by Old Mutual. Die premietarief vir die hooflid en gesin is verlaag, en is die mededingendste tarief van al die versekeraars wat gekwoteer het. Old Mutual het ook die mededingendste tarief vir uitgebreide familie aangebied, met 'n onveranderde premie.

### Maandelikse inkomste-ongeskiktheidsvoordeel

Jou maandelikse inkomste-ongeskiktheidsvoordeel bly by Momentum, wat tariewe onveranderd gehou het. Momentum se tariewe is ook die mededingendste van al die versekeraars wat gekwoteer het.

### Goedgekeurde sterftedekking – Gade- en kinderpensioenvoordeel

Jou goedgekeurde sterftevoordeel bly by Sanlam, met onveranderde tariewe. Sanlam se tariewe is ook die mededingendste.

## 9. Administrasiebydrae vir 2024

Die jaarlikse aktuariële waardasie is afgehandel, en ons maak graag bekend dat jou bydrae tot die administrasie van die Fonds vir 2024 onveranderd bly op 0.15% van jou pensioengewende salaris.

## 10. Fondsadministrasie – skuif van Sanlam na Alexforbes

Soos jy weet, skuif die administrasie van die Fonds op 1 Junie 2024 van Sanlam na Alexforbes. Die Fonds se finansiële jaartydperk moes in die Fondsreëls aangepas word in ooreenstemming met die verandering van Fondsadministrateur, en is soos volg gewysig:

A) 'n Tydperk van 17 maande vanaf 1 Januarie 2023 tot en met 31 Mei 2024;

B) 'n Tydperk van 7 maande vanaf 1 Junie 2024 tot en met 31 Desember 2024;

C) 'n Tydperk van 12 maande vanaf 1 Januarie 2025 tot en met 31 Desember 2025, en 12-maandetydperke daarna.

### Belangrik:

- Daar sal van 1 Junie tot 16 Julie 2024 'n vriestydperk op die administrasieplatform wees, vir die oorskakeling van Sanlam na Alexforbes.
- Geen eise sal gedurende die vriestydperk verwerk word nie. Sanlam sal net tot 15 Mei 2024 eisaansoeke ontvang om verwerk te word.
- Maandelikse betalings van pensioeninkomste sal nie deur die vriestydperk geraak word nie.
- Die Fonds se beleggings sal nie deur die "staantyd" geaffekteer word nie – jou fondswaarde sal belê bly.

Kommunikasie oor die implementering van die administratiewe skuif sal te geleëner tyd aan lede gestuur word.

## 11. Bestuur van die Fonds

SURF se Raad bestaan uit vyf werkgewer- en vyf lidtrustees.

### Die volgende trustees is deur die werkgewer aangestel:

| Naam | Hoedanigheid | Agtergrond | Huidige ampstermyn verstryk |
|---|---|---|---|
| Prof. Niel Krige | Voorsitter en werkgewertrustee | Prof. Krige was 'n buitengewone professor by USB en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee. | 17 November 2026 |
| Me. Miriam Hoosain | Werkgewertrustee | Me. Hoosain is Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 9 Mei 2023 as 'n trustee. | 8 Mei 2026 |
| Mnr Manie Lombard | Werkgewertrustee | Mnr Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee. | 4 Mei 2026 |
| Prof. Wikus van Niekerk | Werkgewertrustee | Prof. Van Niekerk is Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee. | 31 Desember 2025 |
| Prof. Ingrid Woolard | Werkgewertrustee | Prof. Woolard is Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en dien sedert 25 April 2022 as 'n trustee. | 24 April 2025 |

## Die verkose lidtrustees is:

| Naam | Hoedanigheid | Agtergrond | Huidige ampstermyn verstryk |
|---|---|---|---|
| Prof. Tanja Ajam | Lidtrustee | Prof. Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap. Sy het sedert 7 Desember 2019 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 28 Augustus 2020 'n volle lidtrustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr Ché Bermosky | Lidtrustee | Mnr Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit. Hy het sedert 1 Januarie 2018 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 7 Desember 2019 'n volle lidtrustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr Peter Kirsten | Lidtrustee | Mnr Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr JP Steyn | Lidtrustee | Mnr Steyn is van die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 28 Augustus 2020 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekundus-trustee en later 'n volle trustee. | 6 Desember 2025 |
| Prof. Johan van Rooyen | Lidtrustee | Prof. Van Rooyen was 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekundus-trustee en later 'n volle trustee. | 6 Desember 2025 |
| Prof. Corné Schutte | Sekundus-lidtrustee | Prof. Schutte is 'n professor in die Departement Bedryfsingenieurswese en dien sedert 5 Desember 2022 as 'n sekundus-trustee. | 6 Desember 2025 |

Mnr Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

## 12. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

### Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:

**Alexforbes Finansiële Beplanningskonsultante:**
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@alexforbes.com

**Finfocus:**
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:**
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

**Momentum Consult:**
+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

**Sanlam Finansiële Advies:**
+27 (0) 83 375 9831 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za



SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

### Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

### Wees ook op die uitkyk vir die volgende voorleggings wat vanjaar plaasvind:

- Voorlegging aan lede van 53 jaar en ouer.
- Voorlegging aan potensiële aftredenes.

## 13. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad aangestel om met die bestuur van die Fonds te help.

### Hul pligte word hieronder uiteengesit:

| Diensverskaffer | Diens | Funksies wat verrig word |
|---|---|---|
| Simeka Konsultante & Aktuarisse | Voordeel- en aktuariële advies | • Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing.<br>• Hulp met kommunikasie aan lede.<br>• Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoesig.<br>• Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal. |
| Willis Towers Watson | Beleggingsadvies | • Advies oor die Fonds se beleggingstrategie.<br>• Bystand met die keuring en evaluering van beleggings-bestuurders. |
| Sanlam Aftreefonds Administrateurs | Fondsadministrasie | • Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes.<br>• Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders.<br>• Betaling van eise.<br>• Uitreiking van voordeelstate.<br>• Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate. |
| ABSA Bank | Bankiers | • Alle Fondstransaksies vloei deur die Fonds se bank-rekening. |
| Sanlam | Versekeraar | • Versekering van die sterftevoordeel (gade- en kin-derdekking) soos omskryf in die Fondsreëls. |
| Sygnia, Allan Gray, Coronation, Ninety One, Sanlam, Old Mutu-al, Stanlib | Batebestuurders | • Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad ooreengekom is. |
| Ernst & Young Geïnk. | Ouditeure | • Doen eksterne oudits. |

## 14. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree.

**Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.**

| | |
|---|---|
| **Hoofbeampte** | **Japie Kotzé**<br>**t.** +27 (0)21 808 2754<br>**e.** jjsk@sun.ac.za |
| **Inligtingsbeampte** | **Japie Kotzé**<br>**t.** +27 (0)21 808 2754<br>**e.** jjsk@sun.ac.za |
| **Voordeelkonsultant** | **Wynand Breytenbach**<br>**t.** +27 (0)21 912 3300<br>**e.** wynand@simekaconsult.co.za |
| **Vergoedings- en Voordele-afdeling** | **Peter Kirsten**<br>**t.** +27 (0)21 808 3740<br>**e.** pkirsten@sun.ac.za |
| **Pensioenfondsberegter (PFB)** | **e**. enquiries@pfa.org.za<br>Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie.<br>Raadpleeg asseblief die PFB se webwerf (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede. |

Besoek asseblief die SURF webblad vir meer inligting oor:
(https://surf.sun.ac.za/)

- Twee-pot stelsel
- Fondsprestasie
- Fondsvoordele
- Vorige nuusbriewe

Kontak asseblief ons Kliëntedienssentrum indien jy enige vrae het. Die kontakbesonderhede is as volg:

Tel: 021 808 2753 of

epos: sun-e-hr@sun.ac.za

